Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS HUISTAAL V3
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 30**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| 0 | Sirkel | Punktuasiefout |
| ________<br>________ | Dubbelstrepie onder ŉ woord | Spelfout |
| __________________ | Lang streep onder ŉ woord | Foutiewe woordgebruik |
|  | Sirkel met pyltjie | Woordorde |
| /\ | Weglaatteken | Woord weggelaat |
| T | Hoofletter T in kantlyn | Tye verwar |
| H | Dubbele hh | Herhaling van gedagtes |
| VR | Vraestel | Dele saamgeflans uit vraestel |
| ? | Vraagteken | Baie verwarrend/sukkel om te verstaan wat leerder skryf |
| [ | Enkel hakie | Nuwe paragraaf |
| E | Letter "e" bo woord | Engelse woord gebruik |

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**

**AFDELING A: OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 20 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige soort opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:
**Voorbeeld:**
Inhoud: **I = KL = 12**
Taal, styl en redigering: **T = KL = 6**
Struktuur: **S = G = 2**
Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant **14**
(onder die opstel).
Dra die punt uit 20 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL**
**Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
**Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
**Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van ŉ verhalende, beskrywende opstel vat die slot die skryfstuk saam.

## VRAAG 1

### Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die leerder bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1 **Ek is jammer oor alles, Alice!**

Indien die leerder die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus terugskouend op dit wees waaroor daar spyt is. In ŉ beskrywende opstel sal die leerder op gevoelens ten opsigte van dit wat skeefgeloop het, fokus. **[20]**

1.2 **Die vreemde busbestuurder …**

Die opstel sal hoofsaaklik beskrywend aangebied word. Die kandidaat sal fokus op die vreemdheid van die busbestuurder. Hierdie onderwerp leen hom ook tot ŉ verhalende opstel, veral waar die kandidaat 'n storie oor sy vreemdheid vertel. **[20]**

1.3 **Opwindende gebeurtenis**

Die onderwerp leen hom suiwer tot ŉ beskrywende opstel, Die kandidaat moet al vyf die sintuie in die beskrywing gebruik. **[20]**

1.4 **Slagoffer van boeliery**

Die leerder kan die opstel as ŉ beskrywende opstel aanbied en ŉ beskrywing van die emosies wat hy/sy ervaar het, gee. Of hy/sy kan ook die boelie beskryf. Hierdie onderwerp leen hom ook tot ŉ verhalende opstel waar die leerder sy/haar verhaal vertel. **[20]**

1.5 **ŉ Dag in die skoene van ŉ onderwyser**

ŉ Beskrywende opstel kan die dag van die onderwyser beskryf. Indien ŉ verhalende opstel aangebied word, sal die fokus op die gebeure val wat die onderwyser beleef. **[20]**

1.6 1.6.1 **Seuntjie met draadkar**

Indien die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op die speel met die draadkar val. By ŉ beskrywende inhoud kan die kandidaat die seun en sy draadkar beskryf en/of die gevoelens wat daardeur opgeroep word. Die seun/draadkar kan selfs ook die spreker wees. **[20]**

1.6.2 **Ma en dogter**

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel oor ŉ gesprek/argument tussen ŉ ma en dogter skryf. ŉ Beskrywende opstel kan die handelinge of gebeure wat deel van die oorsaak van die argument is/die argument self beskryf. **[20]**

1.6.3 **Rugby**

Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel aanbied oor ŉ rugbywedstryd. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat die wedstryd beskryf. **[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**SOORT OPSTELLE**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is ŉ interessante vertelling van ŉ storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word (ŉ storie of gebeurtenis).
- ŉ Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar dit kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- ŉ Treffende inleiding boei die leser en ŉ verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en ŉ goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, ŉ eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot ŉ verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS

AFDELING B word volgens die rubriek uit 10 geassesseer. Slegs EEN teks word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**
Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**
Inhoud, beplanning en formaat: **I = K = 6**
Taal, styl en redigering: **T= G = 4**
Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). **10**
Dra dan die punt uit 10 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE/INFORMELE BRIEF**

Die kandidaat skryf aan 'n vriend/-in waarin hy/sy die geheim deel **EN** ook raad vra hoe om die situasie te hanteer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet die geheim met die vriend/in deel.
- Die skrywer moet ook raad vra hoe om die situasie te hanteer.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam. **[10]**

2.2 **INSTRUKSIES**

Instruksies verduidelik die hoe die troeteldier stapsgewys versorg moet word. Verskaf ook die stappe hoe om te maak wanneer die troeteldier verlang.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Verduidelik stap-vir-stap hoe om die troeteldier te versorg.
- Verduidelik ook stap-vir-stap hoe jy hom gaan laat ophou verlang.
- Elke reël van die instruksie begin met 'n werkwoord. **[10]**

## 2.3 FORMELE VERSLAG

Die kandidaat skryf ’n ooggetuieverslag aan die polisie.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die verslag word in die eerste persoon gedoen. (Toe ek om 13:30 daar aankom, het ek gesien ...)
- Dit wat beskryf word, moet in fyn detail gedoen word.
- Feite moet gegee word.
- Die ooggetuie moet dit wat hy-/sy gesien het, weergee.
- Die verslag word saaklik geskryf.
- Emosioneel gelaaide woorde is ontoepaslik.
- Taal en styl moet by die formele verslag pas.
- Paragrawe moet volgens die logiese verloop van die gebeure wees.
- Paragraaf 1: Persoonlike inligting (Volle name, identiteitsnommer, adres en kontaknommer.)
  Paragraaf 2: Besonderhede van gebeure: (datum, tyd, plek)
  Paragraaf 3: Uitbreiding van besonderhede.
  Paragraaf 4: Samevatting of gevolgtrekking.
- Die verslag word laastens onderteken en van ’n datum voorsien.
- Dit is kort en bondig. **[10]**

## 2.4 DAGBOEKINSKRYWING

Dagboekinskrywings is aantekeninge in ’n dagboek van dinge wat gebeur het, of van ervarings wat opgedoen is, of van gevoelens wat ervaar is, wat mens nie wil vergeet nie. Die kandidaat maak TWEE dagboekinskrywings: een oor die dag waarop hy/sy gevra is vir ‘n dans/fliek en een op die dag daarna.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Daar hoef nie met “Liewe Dagboek” begin te word nie.
- Die dag en datum word boaan geskryf.
- Dagboekinskrywings word soos ’n opstel in paragrawe geskryf.
- Skryf altyd in die eerste persoon.
- Skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd plaasgevind het.
- Gebruik woorde soos “vandag”, “gister” en “môre.”
- Gevoelens wat nou ondervind word, kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Gebruik adjektiewe, leestekens, en hoofletters om oortuigend te skryf.
- Vrae en wense is ’n doeltreffende manier om gevoelens oor te dra. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**

| ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KREATIEWE TEKS (OPSTEL) – 20 PUNTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Uitsonderlik** | **Knap** | **Gemiddeld** | **Elementêr** | **Onvoldoende** |
| | **12–10** | **9–8** | **7–5** | **4–3** | **2–0** |
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks.<br><br>**12 PUNTE** | - Respons is uitsonderlik en baie oorspronklik.<br>- Idees is uitgebreid en stem die leser tot nadenke.<br>- Goeie beplanning lei tot die aanbieding van 'n goeie tot briljante opstel.<br>- Goeie samehang.<br>- Inleiding, liggaam en slot. | - Respons is goed en oorspronklik.<br>- Idees is interessant en relevant.<br>- Goeie beplanning lei tot die aanbieding van 'n knap opstel.<br>- Opstel is samehangend<br>- Inleiding, liggaam en slot. | - Respons is redelik en taamlik oorspronklik.<br>- Idees is redelik interessant en relevant.<br>- 'n Mate van beplanning lei tot die aanbieding van'n redelike opstel.<br>- Opstel is redelik samehangend.<br>- Inleiding, liggaam en slot. | - Respons is swak en onoorspronklik.<br>- Idees is onduidelik en nie heeltemal relevant nie.<br>- Min bewyse van beplanning lei tot die aanbieding van 'n swak opstel.<br>- Opstel is onsamehangend.<br>- Paragrafering ontbreek. | - Respons is uiters swak en onoorspronklik.<br>- Idees is deurmekaar en nie relevant nie.<br>- Geen bewyse van beplanning lei tot die aanbieding van 'n power opstel.<br>- Opstel is onsamehangend.<br>- Paragrafering ontbreek. |
| | **6–5** | **4** | **3** | **2** | **1–0** |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>Toon, styl en woordeskat is geskik; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, Punktuasie, Grammatika, Spelling<br>**6 PUNTE** | - Toon, styl en woordeskat is uitsonderlik.<br>- Woordkeuse is gevorderd en uitgebrei.<br>- Taalgebruik en punktuasie word effektief gebruik.<br>- Gebruik gepaste figuurlike taal.<br>- Grammatika en spelling is feitlik foutvry. | - Toon, styl en woordeskat is baie gepas.<br>- Woordkeuse is gepas by die teks.<br>- Taalgebruik en punktuasie is meestal korrek.<br>- Soms word gepaste figuurlike taal gebruik.<br>- Grammatika en spelling is meestal foutvry. | - Toon, styl en woordeskat is gepas.<br>- Woordkeuse is redelik gepas by die teks.<br>- Taalgebruik en punktuasie is eenvoudig.<br>- Weinig gepaste figuurlike taal gebruik.<br>- Grammatika en spelling het foute. | - Toon, styl en woordeskat is minder gepas.<br>- Woordkeuse is beperk.<br>- Taalgebruik en punktuasie is vol foute.<br>- Geen gepaste figuurlike taalgebruik.<br>- Grammatika en spelling wemel van die foute. | - Toon, styl en woordeskat is nie gepas nie.<br>- Woordkeuse is nie geskik nie.<br>- Taalgebruik en punktuasie is uiters swak.<br>- Figuurlike taal ontbreek.<br>- Grammatika en spelling feitlik onverstaanbaar. |
| | **2** | **1½** | **1** | **½** | **0** |
| **STRUKTUUR**<br><br>**2 PUNTE** | - Uitstekende ontwikkeling van onderwerp.<br>- Wisselende sins- en paragraaflengtes. | - Logiese ontwikkeling van onderwerp.<br>- Wisselende sins- en paragraaflengtes. | - Relevante ontwikkeling.<br>- Sinne en paragrawe is plek-plek foutief, maar opstel maak nog sin. | - Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie.<br>- Basiese konstruksie van sinne en paragrawe. | - Onderwerp misgetas.<br>- Geen samehang.<br>- Opstel maak nie sin nie. |

| ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – 10 PUNTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Uitsonderlik** | **Knap** | **Gemiddeld** | **Elementêr** | **Onvoldoende** |
| | **6–5** | **4½–4** | **3½–3** | **2½–2** | **1½–0** |
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Bewustheid van doel, gehoor, konteks en kenmerke.<br><br>**6 PUNTE** | - Respons is uitsonderlik en baie oorspronklik.<br>- Idees is uitgebreid en stem die leser tot nadenke.<br>- Goeie kennis van die kenmerke van die soort teks.<br>- Baie goeie samehang.<br>- Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp steun. | - Respons is goed en oorspronklik.<br>- Idees is interessant en relevant.<br>- Redelike kennis van die kenmerke van die soort teks.<br>- Goeie samehang.<br>- Behou fokus – geen afwyking nie. | - Respons is redelik en taamlik oorspronklik.<br>- Idees is redelik interessant en relevant.<br>- 'n Mate van kennis. van die kenmerke van die soort teks.<br>- Redelike samehang.<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwyking nie. | - Respons is swak en onoorspronklik.<br>- Idees is onduidelik en nie heeltemal relevant nie.<br>- Min kennis. van die kenmerke van die soort teks.<br>- Nie altyd samehangend nie.<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwyking nie. | - Respons is uiters swak en onoorspronklik.<br>- Idees is deurmekaar en nie relevant nie.<br>- Geen bewyse van die kenmerke van die soort teks nie.<br>- Geen samehamg nie.<br>- Groot afwykings. |
| | **4** | **3½–3** | **2½–2** | **1½–1** | **½–0** |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>Toon,styl en woordeskat is geskik;<br>Woordkeuse;<br>Taalgebruik en konvensies,<br>Punktuasie,<br>Spelling<br><br>**4 PUNTE** | - Toon, styl en woordeskat is uitsonderlik.<br>- Woordkeuse is gevorderd en uitgebrei.<br>- Taalgebruik en punktuasie word effektief gebruik.<br>- Gebruik gepaste figuurlike taal<br>- Grammatika en spelling is feitlik foutvry. | - Toon, styl en woordeskat is baie gepas.<br>- Woordkeuse is gepas by die teks.<br>- Taalgebruik en punktuasie is meestal korrek.<br>- Soms word gepaste figuurlike taal gebruik.<br>- Grammatika en spelling is meestal foutvry. | - Toon, styl en woordeskat is gepas.<br>- Woordkeuse is redelik gepas by die teks.<br>- Taalgebruik en punktuasie is eenvoudig.<br>- Weinig gepaste figuurlike taal gebruik.<br>- Grammatika en spelling het foute. | - Toon, styl en woordeskat is minder gepas .<br>- Woordkeuse is beperk.<br>- Taalgebruik en punktuasie is vol foute.<br>- Geen gepaste figuurlike taal gebruik.<br>- Grammatika en spelling wemel van die foute. | - Toon, styl en woordeskat is nie gepas nie.<br>- Woordkeuse is nie geskik nie.<br>- Taalgebruik en punktuasie is uiters swak.<br>- Figuurlike taal ontbreek.<br>- Grammatika en spelling feitlik onverstaanbaar. |

Kopiereg voorbehou